# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAN

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

REACHING NATIONS

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ

- In 16 Tale

**Vol. XVII** SEPTEMBER 2023 **No. 03**


### DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

**Psalm 101:1-8**

1. Ek wil sing van u troue liefde en u geregtigheid, ek wil 'n lied sing tot u eer, Here.
2. Ek wil my daaraan wy om opreg te lewe. Wanneer kom U na my toe? In my huis wil ek lewe in opregtheid,
3. niks wat sleg is, wil ek nastreef nie. Ek haat wat verkeerd is. Dit mag geen houvas op my hê nie.
4. Valsheid wil ek van my af weg hou, van kwaad wil ek niks weet nie.
5. Wie sy naaste beskinder, wil ek uitwis. Hoogmoed en vermetelheid verdra ek nie.
6. Ek kies as my amptenare dié in die land wat op God vertrou; die man wat opreg lewe, hy kan in my diens wees.
7. Geen bedrieër sal in my paleis diens doen nie, geen leuenaar kan my dien nie.
8. In my daaglikse regspraak sal ek al die goddeloses in die land uitwis, almal wat onreg doen uit die stad van die Here uitroei.



# MOENIE BANG WEES NIE!

## – Jesaja 41:10

**'n Boodskap wat jou geloof sal bevry! Lees gretig!!**

*Pr. S. Sam Selva Raj*

Mense sê soms: "Ek staan elke oggend op net om onoorkomelike probleme in die gesig te staar." Dit is: fisiese en emosionele en gesinsprobleme. Baie is gepla deur moeilikheid en nog moeilikheid, en hulle bekommer daaroor. Dikwels sê hulle dan: "Dis te veel vir my om te hanteer. My probleme wil my oorweldig! Ek het nie die krag om nog daarteen te veg nie. Hoe gaan ek dit maak?" Dit mag dalk vandag jou ervaring wees!

Ons bediening ontvang gewoonlik baie briewe van gelowiges wat daagliks erge omstandighede beleef. 'n Paar dae gelede het ek byna 'n halwe dag bestee met die lees van sulke briewe:

*....verv. op.bls. 3*


**Echo of His Call**

*YouTube Christian Channel !*



**Jy sal die geleenteheid kry om saam met Pr. S. Sam Selva Raj te bid!**

**Boodskap & gebed in 5 minute!!**

**Engels, Hindi, Tamil & Telugu**

Elke dag – 5.00 vm

**Tamil Sondagdiens – 8.30 vm.**

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)



## *van julle geliefde broer...*



## Ons Sendingopdrag

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.


**CHIEF EDITOR**

**Pastor Alex Samson Sam,** B.Th., M.Div.

**ADMINISTRATION**

**Bro. N. Prakasam,** M.A., General Manager

**Dr. Rabinder Boaz,** M.S.

**Bro. K. Puratchivendan**

**EDITORIAL BOARD**

**Sis. Jesy Veena Sam**

**Sis. Serena Bevin,** M.A., M.Phil., B.Ed.

**Dr. A. Richard Samuel,** M.A., Ph.D.

**Rev. Dr. K.R. Rajasekaran**

**EDITOR, PUBLISHER & PRINTER**

**Pastor S. SAM SELVA RAJ**
**Echo of His Call Printers**
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.

**Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766**

**Cell : (+91) 98410 71852, 95661 31858**

**E.mail ID**

sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in

**WEBSITES**

www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com

**YOUTUBE CHANNEL**

Echo of His Call


> " "Die kleinste onder hulle sal duisende word, die swakste 'n sterk nasie. Wanneer die tyd daarvoor kom, doen Ek dit. Ek is die Here." "
>
> **- Jesaja 60:22**

Geliefdes in die Here,

Ons groet julle in die Naam van ons Heer en Verlosser Jesus Christus! Ons glo dit gaan goed met julle. Ons bid daagliks vir julle. God is by julle, hou daarom goeie moed.

Die kragtige hand van die Here het ons gelei op al ons onlangse reise in verband met ons bediening en al ons pogings en aksies. Die Here Jesus Christus was dag en nag by ons sonder slaap. Mag ons hemelse Vader julle ook so oorvloedig seën.

Daar is baie dienaars van God in ons bediening, en heelwat in hul gesinne is siek. Dit het ongelukkig sommige verhinder om hul verantwoordelikhede voluit na te kom. Ons vra vir julle innige gebede rondom hierdie sake. Dit is baie dringend en belangrik.

Ons het met hartseer verneem dat heelwat van julle nie ons maandelikse nuusbrief, **Echo of His Call**, ontvang nie, al stuur ons dit elke maand vir julle met groot sorg.

Ons probeer ons bes om uit te vind waarom, want heelwat van ons nuusbriewe het teruggekom na ons toe met verskeie redes, soos **Deure gesluit, Verhuis, Verstreke en Geweier.** Later het ons verneem dat min van hierdie redes vir ons verkeerd is! So, as julle of jul vriende nie **Echo of His Call** op die spesifieke datums ontvang nie, laat ons asseblief weet met 'n brief, e-pos, WhatsApp, SMS of telefoonoproep. As jou adres verander het, laat weet vir ons jou ou en nuwe adres, sodat ons **Echo of His Call** weer vir jou kan stuur. En stuur ook jou e-posadres. God seën julle!

Ons stuur ons maandelikse nuusblad, **Echo of His Call** gereeld per pos en e-pos in 16 tale op die volgende datums, deur die harde werk van ons medewerkers.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Tamil | - | 28ste van die vorige maand |
| 2. | Engels | - | 2de van elke maand |
| 3. | Sinhala | - | 2de van elke maand |
| 4. | Afrikaans | - | 4de van elke maand |
| 5. | Malayalam | - | 4de van elke maand |
| 6. | Telugu | - | 6de van elke maand |
| 7. | Hindi | - | 9de van elke maand |
| 8. | Kanadees | - | 10de van elke maand |

**Our Ministries:** ECHO OF HIS CALL Monthly Magazines (16 languages) ◘ BIBLECOR - Postal Courses (3 languages) ◘ Media Ministry ◘ Online Courses ◘ Theological Correspondence Courses (2 languages) ◘ Church Planting ◘ Nehemiah Bible Colleges ◘ Gospel Printing Press ◘ Great Commission Partners ◘ St. Paul's Matriculation School ◘ Crusades ◘ Community Development

| | | | |
|---|---|---|---|
| 9. | Marathi | - | 12$^{de}$ van elke maand |
| 10. | Assamese | - | 12$^{de}$ van elke maand |
| 11. | Bengali | - | 14$^{de}$ van elke maand |
| 12. | Urdu | - | 14$^{de}$ van elke maand |
| 13. | Nepali | - | 16$^{de}$ van elke maand |
| 14. | Gujarati | - | 16$^{de}$ van elke maand |
| 15. | Odia | - | 18$^{de}$ van elke maand |
| 16. | Punjabi | - | 20$^{de}$ van elke maand |

Ons laai ook hierdie nuusbriewe op ons webblad ***www.echoofhiscall.org*** op dieselfde datums. Maak gerus ook gebruik van hierdie opsies. Daar is 75 werkers wat hard werk om jou te help om die nuusbrief te kry. Die boodskappe van **Echo of His Call** word eers in Engels geskryf en dan vertaal in die 15 ander tale deur die betrokke Hulpredakteurs, en dan verwerk in **Echo of His Call** se uitleg.



Die nuusbriewe word gedruk met ons Drukpers, met die hand gevou, gesorteer volgens state en omgewings, saamgebind, in voertuie gelaai en aan die poswerkers oorhandig volgens die posregulasies op die presiese datums. Dink asseblief aan hierdie 75 werkers wat in hierdie bediening betrokke is! Omdat hierdie nuusblad baie mense wêreldwyd se lewens raak, ongeag taal, kultuur en land, fokus die duiwel op ons werkers en veroorsaak dat hulle geestelike oorlog moet voer. Bid asseblief vir hulle!

Oordink tog in jou hart oor hoe jy kan deel wees van hierdie bediening.

Ons benodig Gebedsvennote om te bid vir ons en ons geëerde Koördineerders wat die nuusbrief in hul eie tale kan lees en voorstelle en idees kan gee om elke maand die nuusbrief te verbeter. Ons wil graag hierdie bediening meer doeltreffend doen.

Ons wag gretig op julle reaksie en sê weer dankie dat julle ons redaksionele kolom so geduldig lees.

Mag die vrede van God by julle bly! Amen.

Julle dienaars in Christus Jesus,

**PS. S. SAM SELVA RAJ**
**& ALEX SAMSON SAM.**
(+91) 98412 71858 / 98410 71858,
Epos: sam@echoofhiscall.org

*verv. v. bls.1*

Een vroom dame het laat weet: "Ek is getroud vir meer as vyf en dertig jaar en is nou 'n ouma. Maar nou word my gesin vernietig deur my man. Hy was 'n gesalfde man van God vir wie Hy dikwels gebruik het. Maar sy vuur is nou geblus. Bid asseblief vir hom en my gesin. Hy is nie meer lief vir my nie, en ek is so ongelukkig.

'n Doodskleed hang nou oor hierdie vrou se lewe. Maar sy is nog lief vir hom en verlang dat hy sy bose lewenswyse sal laat los en sal leef soos dit God behaag. Maar sy is gedreineer van haar emosies en het 'n siek vrou geword. Sy wonder dikwels: "O God, dit gaan my vernietig. Ek dink nie ek kan hierdie lyding langer verduur nie. Hoe kan ek aangaan?"

'n Ander vrou het laat weet: "Ek leef al sewe jaar lank met 'n aaklige dermprobleem. My man se gesondheid is ook swak. Ons geldsake is beroerd al bestee ons nooit geld op nietighede nie. En nou ly my pa van nege en tagtig jaar oud aan kanker. Bid tog asseblief vir ons."

Hierdie vrou sit elke dag met 'n siek pa, 'n siek eggenoot, oorweldigende fisiese pyn en geldelike nagmerries. Ek wonder hoe baie sy uitgeroep het: "Here, hierdie vyande is te sterk vir my. Hoe kan 'n swak, hulpelose mens soos ek dit uithou? Gaan ons dit maak?"

'n Pastoor skryf: "Verlede Julie het ek radikale prostaat operasie ondergaan, wat vol kanker was. Die dokters het sommige weefsel rondom verwyder en dit maak die lewe moeilik. En nou het ek ook suikersiekte en 'n maagseer. Bid asseblief tog vir my?

Wat se reuse vyande is daagliks teen hierdie man! Hy lewe in angs dat van die kanker agtergebly het. En hy moet diabetes baklei saam met 'n maagseer. Ek wonder of hy soms vra: "Hoe kan ek dit langer in die gesig staar? Hoe gaan ek dit ooit maak?

'n Bejaarde suster in die Here skryf: "In Maart sal ek een en tagtig wees, en ek het artritis en suikersiekte. My rug en bene is swak, ek kan skaars loop. En ek bly alleen, moet my eie huistake doen. Ek het nie baie geld of familie nie. Bid asseblief vir my."

Ek sien hoe sukkel hierdie vrou elke oggend om net op te staan, die gesukkel om etes voor te berei, om haar blyplek skoon te hou – alles sonder enige hulp. Sy wonder ook dalk soms: "Hoe gaan ek dit maak tot môre? En wat gaan met my gebeur wanneer ek soggens nie kan opstaan nie?"

Nog 'n dierbare suster skryf: "My man het pas laat wees hy het terminale kanker in sy slukderm. Hy was 'n vroom eggenoot en wonderlike pa vir ons veertien-jarige seun. Bid dat ek sal sterk bly, en dat my geloof sal groei deur hierdie proses."

Soos so baie ander wat geskryf het, roep hierdie arme vrou uit vir krag om 'n reuse probleem elke dag teen te staan.

In my leeftyd het ek nie van sulke probleme gehoor nie, lyding en pyn by Christene – huweliksprobleme, geldelike behoeftes, gesondheiduitdagings, eindelose hartseer. Mense vra: "Hoe gaan ek dit maak? Hierdie vyande is te sterk vir my. Ek is swak, hulpeloos, kan nie iets daaraan doen nie. Here, hoe gaan ek hier deurkom?"

Die waarheid is: niks van hierdie aaklige goed verras ons God nie. Hy weet van elke lelike ding wat met sy mensheid gebeur, ook elke krisis en probleem wat vandag voor ons lê. En die Bybel vertel ons dat God ons wil wys hoe om dit te hanteer.

Die Here het vir Moses vier woorde van hoop gegee wat vir ons vandag bedoel is. As ons doen soos Hy voorsê, sal ons dit nie net maak deur die beproewings nie, maar sal sien dat die Here getrou is om sy beloftes waar te maak:

**1. God beveel ons om nie enige vyand te vrees nie!**

Moenie bang wees nie! "**Moenie vir hulle bang wees nie ...**" (Deuteronomium 7:18). Vir Israel was die "hulle" die groot, goedgewapende heidennasies in die beloofde land. Vir ons vandag, is "hulle" elke probleem, moeilikheid en oorweldigende kwelling in ons lewens.

Jy vra: waarom moet ons nie vrees nie? Want God sê so! Geen ander rede is nodig nie. God is almagtig, genoegsaam, en Hy weet van die bose vestings voor ons. Hy ken elke strik, beproewing en versoeking wat ooit teen ons kom staan. En Hy beveel, gee opdrag aan ons: "Moenie vir hulle bang wees nie!"

God het dit al vir Abram gesê. Hier is 'n man van 'n vreemde land, omring deur magtige konings, min wetend waar hy gaan beland. Tog is God se eerste woord vir hom: "Moenie vrees nie!" ... **Hierna het die woord van die Here in 'n gesig tot Abram gekom: "Moenie bang wees nie, Abram, Ek beskerm jou! Jou beloning sal baie groot wees."** (Genesis 15:1).

Die laaste deel van die sin beteken: "Ek sal 'n muur rondom jou wees, jou beskermer, jou verdediging." In wese het God vir Abram gesê: "Daar gaan moeilikhede op jou pad kom. Maar Ek sal jou teen alles beskerm." Abram het so gereageer: **"Abram het toe in die Here geglo, en die Here het dit goedgevind dat Abram so volgens die wil van die Here gehandel het."** (Genesis 15:6).

Dieselfde woord is vir Abraham se seun, Isak, gegee. Hy het ook in 'n vyandige omgewing gewoon, omring deur Filistyne wat hom gehaat en gepla het en hom weg wou hê. Die Skrif sê dat elke keer as Isak 'n put gegrawe het vir water, het die Filistyne dit weer toegegooi. ... **"al die putte wat die slawe van sy pa Abraham nog in dié se tyd gegrawe het, toegegooi en opgevul."** (Genesis 26:15).

Waar Isak ook al gegaan het, het hy dieselfde probleem

....verv. op.bls. 6

**NEHEMIA RESIDENSIëLE BYBELKOLLEGE, TSJENNAI**

**Bid asb. vir**

**Medium : Hindi**

*Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap*
Asia Theological Association (ATA)
Erken deur Internasionale Christenleiers & Senior pastore vir die afgelope 54 jaar

Diploma in Ministry : Een Jaar
Diploma in Teologie : Twee Jaar
B-graad in Teologie : Drie Jaar

**Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër**
**Haas jou vir toelating!**

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org
✶ AANLYN KLASSE IS BESKKIKBAAR ✶

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2023 September 19 Tot 2023 Oktober 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

## Prys God vir ...

- **September 19** ➲ Seën op die 55ste Verjaardag-vieringe van ons **Echo of His Call Bedieninge.**
- **September 20** ➲ Die moontlikheid om ons tydskrif te kan druk en uitgee in 16 tale met ons drukpers en dit dan na die sendingvelde te stuur.
- **September 21** ➲ Sy guns op ons Gebedsvennote, Ingeskrewe vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote en Groot Uitstuurvennote en hul gesinne.
- **September 22** ➲ Beskerming van ons **Echo of His Call Bedieninge** se personeel en hul gesinne.
- **September 23** ➲ Seën op ons getuienisse weens die 5 minute boodskappe van ons **Echo of His Call** YouTube mediabediening.
- **September 24** ➲ Sy seën op ons **St. Paul's Matrikulasieskool, Nehemia Bybelkollege** en **Bybel Korrespondensiekursusse.**
- **September 25** ➲ Dat ons toegewyde Medewerkers vir ons **Echo of His Call tydskrifte** sal vind.
- **September 26** ➲ Die groot toewyding van die Sendingwerkers.
- **September 27** ➲ Ons evangelie-drukpers en sy volgehoue werkverrigting met bekwame werkers.
- **September 28** ➲ Voorsiening van nuwe studente vir ons Voltydse en Aandklas **Nehemia Bybelkollege.**
- **September 29** ➲ Die groei van ons **Bybel Korrespondensiekursus** en **Teologiese Korrespondensie-kursus.**
- **September 30** ➲ Dat ons Metro Water en Rioolverbindings kon kry vir ons voltydse **Nehemia Bybelkollege**, Velachery.
- **Oktober 01** ➲ Seën op ons bediening met toegewyde Hulpredakteurs wat **Echo of His Call** tydskrif-bediening ondersteun.
- **Oktober 02** ➲ Die krag van God se Woord in ons Sondagdienste by die Hoofkerk en dogtergemeentes.
- **Oktober 03** ➲ Ons Senior Pastoor en sy toewyding om die evangelie te versprei deur veelvuldige bedienings.

## Bid asseblief vir ...

- **Oktober 04** ➲ Die bereiking van die onbereikte mense van Indië.
- **Oktober 05** ➲ Die veiliger lewe van ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesinslewe te midde van alle soorte bose magte.
- **Oktober 06** ➲ Ons kantoorpersoneel en drukwerkers vir hul goeie gesondheid.
- **Oktober 07** ➲ Beskerming van ons Voltydse en Aandklas **Nehemia Bybelkollege** studente.
- **Oktober 08** ➲ God se voorsiening in ons behoeftes vir die maand.
- **Oktober 09** ➲ Die uitbreiding van ons bedienings en wêreldwye bekendmaking van die evangelie.
- **Oktober 10** ➲ Die sukses van ons Senior Pastoor se skryf van sy outobiografie.
- **Oktober 11** ➲ Blywende vrede oor die hele wêreld.
- **Oktober 12** ➲ Goddelike beskerming van sendingwerkers dwars oor die wêreld.
- **Oktober 13** ➲ Sy guns en genade op die staat Manipur en vrede onder die Meitei en Kuki-stam gemeenskappe.
- **Oktober 14** ➲ Die vinnige herstel van ons Engelse Hulpredakteur Dr. Richard Samuel en Mev. Suwarta, vrou van ons Marathi Hulpredakteur Bro. Shasikant Tiwari.
- **Oktober 15** ➲ Die einde van die ekonomiese resessie oral in die wêreld.
- **Oktober 16** ➲ Goddelike beskerming van mense oor die wêreld teen natuurrampe.
- **Oktober 17** ➲ God se seën op al die lande met Godvresende leiers.
- **Oktober 18** ➲ Ekonomiese opheffing van behoeftige mense.

*verv. v. bls.4*

gehad. Hy het selfs een put "Esek" genoem, wat beteken "twis, stryd". Hy het dalk gedink daar is net stryd in sy lewe, en gewonder: "Hoe gaan ek my gesin versorg en water kry vir my diere? En hoe kan ek my kinders grootmaak sonder vrees as die Filistyne my enige oomblik kom beroof? God, hoekom het U my hier geplant? Hoe gaan ek dit ooit maak?"

Met hierdie wolk van twyfel oor hom, het God vir Isak dieselfde gesê as vir sy pa: **"Ek is die God van jou vader Abraham. Moenie bang wees nie, want Ek is by jou. Ek sal jou seën en jou 'n groot nageslag gee ter wille van my dienaar Abraham."** (Genesis 26:24).

Ons is vandag Abraham se kinders. En God gee vir ons dieselfde belofte as vir Abraham en sy nageslag: **"En as julle aan Christus behoort, is julle ook nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die belofte van God."** (Galasiërs 3:29). Ons dien dieselfde God wat Abraham se skild was. En Hy is net so magtig by ons!

Ons hemelse Vader sien elke tree van ons lewens. En ten spyte van al ons krisisse en moeilikhede, sê Hy oor en oor in die Woord: "Moenie bang wees nie!" Moenie glo dat ons probleme ons gaan plat druk en vernietig nie – want ons moet weet Hy is ons skild.

**Dit gaan goed met jou, Israel! Wie is soos jy? Jy is 'n volk wat deur die Here verlos is! Hy beskerm en help jou. Hy gee mag aan jou, jou vyande kruip voor jou, en jy sal oor hulle offerplekke stap.** (Deuteronomium 33:29). God sê vir ons: "Dat ek julle in die steek gelaat het, is 'n leuen! Dis 'n leuen dat Ek kwaad is vir julle en julle gelos het om self te veg teen julle vyande. Alles leuens van die satan!"

## Ek praat nou met elke Christen wat sukkel met 'n boesemsonde!

Staan jy gereeld op met 'n angs oor 'n gewoonte-sonde of gewoonte? Leef jy in 'n foltering, en jy dink "hierdie vieslike ding leef nog in my?"

God weet alles van hierdie sonde in jou hart. En Hy weet hoe jy dit haat en daaroor huil. Nou wil Hy hê jy moet sy woord hoor: "Moenie vrees nie! Ek is jou skild, jou beskermer, jou verdediging, jou swaard van heiligheid teen elke vyand. Ek ken die pad uit die versoeking vir jou. En Ek sal jou leer om te veg!"
(Psalm 23:4). Hy het besef die satan sal oorwin as hy bang is.

Geliefde, dit is hoe die vyand teen jou werk. Hy wil hê jy moet bang wees vir jou sonde, bang jy sal nooit bevry word nie, nooit loskom nie. Maar God sê vir elke smartvolle en gewonde heilige: "Moenie bang wees nie! Ek sien en ken al jou lyding, en Ek sal nie toelaat dat die satan jou vernietig nie!"

Jy kan vra: "Maar wat moet ek doen? Hoe kan ek die Here se vrede en rus kry hierin?"

Jy kry die antwoord in God se Woord aan Moses en Israel. Met die see voor hulle en die vyand agter hulle, en geen ander uitkomkans nie, sê God vir hulle: **"Moenie bang wees nie. Staan vas, kyk hoe die Here julle vandag gaan red, ... Bly julle maar kalm. Die Here sal vir julle veg.** (Eksodus 14:13-14).

Wat beteken "bly julle maar kalm"? Dit beteken hou op kommer, hou om dit te probeer ontrafel. Vertrou eerder op God om 'n pad vir jou te maak. Dan gee Hy vir jou rigting, soos vir Israel: **... "trek verder, vorentoe."** (Eksodus 14:15).

Josua het ook moeilike vyande gehad. Hy en sy weermag moes die nag deur na Gibeon toe


# NEHEMIA AAND-BYBELKOLLEGE, TSJENNAI

**Bid asb. vir**

**Medium : Tamil**

*Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap*

Asia Theological Association (ATA)

Erken deur Internasionale Christenleiers & Senior pastore vir die afgelope 54 jaar

Diploma in Ministry : Een Jaar
Diploma in Teologie : Twee Jaar
B-graad in Teologie : Drie Jaar

Kwalifikasie: 10de Standerd of hoër

**Haas jou vir toelating!**

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, BELLS ROAD, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

loop waar hulle voor 'n reuse militêre masjien van vyf bondgenoot konings te staan gekom het. Toe Josua na die slagveld kyk, sien hy die vallei vol sterk strydwaens en geoefende voetsoldate. Maar al wat hy gehad het was 'n moeë klomp ongeoefende manne.

Net daar het 'n wolk van moedeloosheid dalk oor Josua gehang. Hy het dalk bedink: “Here, ons het dit skaars tot hier gemaak, en nou moet ons nog veg teen hierdie magtige vyand. Sê tog wat moet ons doen?”

Die Skrif sê: **Die Here het vir Josua gesê: “Moenie vir hulle bang wees nie, Ek gee hulle in jou mag oor. Nie een van hulle is teen jou bestand nie.”** (Josua 10:8).

God het oorwinning verklaar nog voor Josua begin veg het. Hy het gesê: “Die oorlog is reeds gewen! Nie een van die vyand se soldate sal voor jou bly staan nie. Gaan nou en veg, en weet Ek het vir jou die oorwinning belowe!”

Dit is dit boodskap van die kruis! Die oorwinning is reeds vir ons behaal. Wat ook al die krisis voor jou, watter groot moeilikhede daar wag, ons oorwinning is verseker: **“Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet.** (Romeine 8:37).

Beteken dit nou ons moet niks doen nie, dat ons net moet staan en kyk of God 'n engel stuur om die vyand te verslaan? Nee, nooit! Al het God die oorwinning aangekondig, sal Hy nie ons deel doen nie. **“Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer. Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God.** (Efesiërs 6:16-17).

Ons moet tog self die swaard optel en veg. Die verskil is net, ons doen dit terwyl ons glo God het vir ons die krag belowe: **“Maar ons dank God dat Hy aan ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus.** (1 Korintiërs 15:57).

Die Heilige Gees reageer op ons geloof. As ons Hom roep, kom Hy oor ons met bonatuurlike krag om die werke van die vlees dood te maak. Ons deel is geloof en dan wandel in die vertroue dat God se Gees die mag van die bose sal teenstaan.

**2. God sê ons moet onthou hoe Hy al ons vyande in die verlede verslaan het!!**

Moses het Israel beveel: **“Moenie vir hulle bang wees nie. Dink net wat die Here jou God met die farao en die hele Egipte gedoen het. Jy het met jou eie oë gesien met watter groot plae en tekens en wonders, met watter magtige dade en wonderdade die Here jou God jou bevry het. Hy sal met al die volke vir wie jy bang is, maak soos met Egipte.”** (Deuteronomium 7:18-19).

Wat 'n kragtige boodskap! Moses het die Israeliete herinner: “Watter vyande julle ook al teëloop, God het oorwinning oor almal belowe. Hy het julle vaders bevry van die farao, en Hy sal vir jou vandag dieselfde doen!”

**“... en jy moet jou lewe lank dink aan die dag waarop jy uit Egipte weg is: hoe jy haastig daar weg is.”** (Deuteronomium 16:3). **“Jy moet altyd onthou dat jy 'n slaaf was in Egipte.”** (Deuteronomium 16:12).

Moses se roep tot die volk was: “Onthou die verlede! As jy dink dinge is moeilik hier in die woestyn, dink dan aan al die angste in Egipte. Moenie vergeet hoe die slawe-lewe daar was nie. En onthou elke ding wat God gedoen het om jou te bevry, om jou te red en te heilig van alles!”


## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u ‘n kwitansie uit te reik.

**Ons bankbesonderhede:**

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: miemie60h@gmail.com**

**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

**(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)**

**"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15**

## AANTREKLIKE MAN MET LANG BAARD!

Ek het die grootste deel van my gehuurde huis gebruik vir ons eerste Kerk in Chennai (Madras), geleë in 'n straat met die naam Akbar Sahib. Al ons bure was Moslem broers wat nie gehou het van die evangelie van die Here Jesus Christus nie. Maar God het my aangemoedig om sy werk net in daardie omgewing te doen!

Saam met my ander evangeliese werk en persoonlike evangelisasie, het ek Kerkdienste begin om 9.00 soggens elke Sondag. In die diens het ek gewoonlik gesing en die Here aanbid met my musiekinstrument, trekklavier, asof daar 'n groot byeenkoms voor my was. Die mense van die omgewing en die algemene publiek was nie baie opgewonde oor die geklank nie. So, die bywoning was maar skraal tot niks vir die eerste paar jaar.

Op 'n sekere Sondagoggend gedurende 1984 het ek die plek voorberei vir die Kerkdiens en alles gereed gekry vir die begin van die diens. Ek het baie vurig gebid en op die Here gewag om darem 'n paar siele diens toe te bring. Omdat op die besondere dag niemand opgedaag het nie, was ek in my gees hartseer en liggaamlik moeg. Daarom gaan ek toe na die ander kamer in my huis en gaan lê daar met 'n gebroke hart.

**Die Engel van die Here het aan hom verskyn en vir hom gesê: "Die Here is by jou, dapper man!"- Rigters 6:12**

Net toe kry ek 'n visioen. 'n Ou en aantreklike man met 'n lang baard het die kerksaal ingekom by die hoofdeur. 'n Goeie hoeveelheid mense het hom gevolg. Maar ek kon nie hul gesigte mooi sien nie. Hy en die mense het die ligte en waaiers aangeskakel en gekniel en begin bid en die lewende God aanbid. Dit was so hard dat ek nie meer kon bly lê nie. Ek staan toe op en gaan in die kamer in met vrees en eerbied. Maar daar was niemand. Die man en die mense het skielik verdwyn.

Na 'n paar minute het 'n dienaar van God, Ds. Bevin Lawrence en sy vrou Mev. Serena Bevin en 'n klein baba die Kerk ingekom. Hulle het gesê die Gees van God het hulle geroer om na die Kerk toe te kom. Na nog 'n paar minute het nog mense gekom en die diens bygewoon, en daarna het God ons Kerk al meer en meer begin seën.

Ons God is altyd goed. Hy kan wonders doen in enigiemand se lewe, enige tyd en op enige manier. Jy kan Hom ook vertrou vir 'n goddelike ingryping in jou eie lewe.

*******

Die profeet Jesaja het ook God se Woord gebring vir mens vol angs. Dit was in 'n tyd toe Israel oortuig was God het hulle verlaat. Hulle het gebewe van vrees vir wat hul vyande hulle kon aandoen. Maar Jesaja het hulle verseker:

**"Ek is die Here, Ek bring uitkoms vir julle. Hoe is dit dan dat jy bang is vir 'n sterflike mens, vir 'n mens wat so maklik vergaan soos gras? Jy vergeet die Here wat jou gemaak het, wat die hemel oopgespan het, wat die aarde se fondamente gelê het. Jy was altyddeur bang vir die woede van die verdrukker, vir hom wat daarop uit was om jou te vernietig, maar waar is die woede van jou verdrukker nou?** (Jesaja 51:12-13).

God het deur die profeet gesê: "Julle is bang omdat julle vergeet het wie Ek is. Julle kyk net na julle probleme, eerder as na my mag en vermoë om julle te red. Julle het vergeet dat my hand nog oor julle lewens is!"

Dalk is dit vir jou moeilik om God se wonders in jou lewe te onthou. Jy dink dalk: "My lewe is 'n lang en moeilike nagmerrie. Ek het byna niks om oor bly te wees nie. Hoe kan ek God se wonders onthou as ek dit nie beleef het nie?"

Jy moet onthou dat ons ervarings geloof kan aanwakker. Maar dit kan nie die fondasie van jou geloof wees nie. Daarom wys Gods Woord ons altyd na wat Jesus Christus vir ons gedoen het. Ons moet sy oorwinning vir ons aan die

kruis onthou en in geloof daaraan vashou. Net Hy versterk ons tot oorwinning, deur sy Gees. Jesus het gesê:

**"Ek gaan na my Vader toe, maar sal julle nie as weeskinders agterlaat nie."**

Jesus het vir sy dissipels gesê: **"Nou gaan ek na Hom toe wat My gestuur het, ..."** (Johannes 16:5), **"... Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie."** (Johannes 14:18). Die Griekse woord hier vir "weeskinders" beteken "bedroef, vaderloos."

Jy mag dalk soms voel soos die dissipels later gevoel het dat jy alleen is, dat God nie aan die werk is vir jou nie. Jy sien geen bewyse van sy sorg nie. En die satan lieg vir jou dat God se Gees jou verlaat het vir 'n seisoen en jou sal alleen los in jou ouderdom.

Maar daar is een ongelooflike wonder wat jy nie kan vergeet nie. Dit is Jesus Christus se belofte aan al sy volgelinge: "Ek sal julle nie alleen los soos weeskinders nie! Ek het vir julle betaal!! Julle is myne!!!"

Wat jy ook al deurgaan, jou hemelse Vader het jou nog nooit uit sy gedagtes gesit nie, en Hy sal ook nooit. Luister na sy ewige en onverbreekbare belofte:

**Sion sê: "Die Here het my verlaat, die Here het my vergeet." Kan 'n vrou haar eie baba vergeet, haar nie ontferm oor die kind wat sy in die wêreld gebring het nie? Selfs al sou so iets kon gebeur, Ek sal jou nie vergeet nie. Ek het jou naam in my handpalms gegraveer, Ek sien jou mure altyd voor my.** (Jesaja 49:14-16).

Hierdie verse vertel vir ons: "Jou nood vir beskerming is altyd voor my oë! Daar is geen oomblik wat Ek onbesorg is en nie my bonatuurlike mure veilig rondom jou hou nie!! My beskermende heining is altyd daar!!!"

Ek weet van moeders – selfs pastore se vroue – wat hulle kinders verlaat het. 'n Paar weke gelede het 'n pastoor vir ons geskryf: "Ek is vyf en twintig jaar getroud, maar my vrou het my onlangs verlaat vir 'n man wat sy deur die internet ontmoet het. Sy het my en ons kinders net opgegee. Ek is nog lief vir haar, en wil hê dat sy terugkom, maar sy wil nie. Ek is nou so seer dat ek nie kan slaap nie. Ek weet nie hoe ek dit gaan maak nie."

God antwoord hom: "Selfs jou geliefde vrou kan jou verwerp, maar Ek sal nooit. My mure rondom jou sal altyd veilig wees!"

Ons bediening ontvang baie briewe van vroue met mans wat vir dekades alkoholiste is. Wanneer ek van hul wanhoop lees, vra ek: "Here, hoekom moet hierdie getroue vroue so lank swaar kry, met geen teken van hoop nie?" Ek verstaan glad nie hoekom my vrou deur so baie fisiese lyding moes gaan nie. Sy het agt en twintig operasies ondergaan, ses daarvan vir kanker – meer as veertig jaar van intense pyn. Geen leraar of teoloog kon vir my verduidelik hoekom sy so aanhou ly nie."

En tog, maak nie saak wat enigeen van ons moet deurleef nie, of hoe lank ons dit moet verduur nie ... een ding is bo alles seker:

**God se genade is genoeg om ons in alles te onderhou!**

Die apostel Paulus het God gesmeek: "Here, verlos my van hierdie doring in my vlees!" Maar God het hom geantwoord: **"My genade is vir jou genoeg..."** (2 Korintiërs 12:9). God het vir sy dienaar gesê: "Paulus, jy sal met hierdie doring moet lewe. Maar midde in jou pyn sal Ek vir jou al die nodige genade gee. Ek het 'n eindelose voorraad daarvan vir jou!"

Die Here wil dat ons weet sy genade is sterker as enige uitkoms wat Hy in ons omstandighede kan bring. Hoekom? Sy genade bevat die volle openbaring van wie Hy is! Eenvoudig gestel, Jesus Christus het God se genade voluit geopenbaar, in alle heiligheid, maar tog met 'n sagte en simpatieke hart.

Ons hemelse Vader sien elke stukkie van ons lyding en Hy gee hierdie wonderlike beloftes vir ons:

**... maar die regverdiges word deur die Here gered. Hy is hulle toevlug in tyd van nood.** (Psalm 37:39).

**God self het gesê: "Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie." Daarom kan ons met vertroue sê: "Die Here is my helper, ek ken geen vrees nie: wat kan 'n mens aan my doen?"** (Hebreërs 13:5-6).

**Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou. Almal wat teen jou te kere gaan, sal teleurgesteld staan en die aftog blaas. Jou teëparty sal soos niks word, hulle sal omkom. Jy sal dié soek wat teen jou veg, maar hulle sal nêrens te vinde wees nie; dié wat teen jou oorlog maak, sal word soos niks, soos iets wat nie bestaan nie. Ek is die Here jou God, Ek vat jou hand, Ek sê vir jou: Moenie bang wees nie, Ek help jou.**

**Die hulpeloses en die armes soek water, maar daar is nie; hulle versmag van dors. Maar Ek, die Here, sal hulle gebede verhoor, Ek, die God van Israel, sal hulle nie verlaat nie.** (Jesaja 41:10-13, 17).

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/22-24

Jy kan enige omstandigheid, krisis of ramp oorleef – net deur die genade van Jesus Christus. Wat ook al in jou koers kom, Hy het meer as genoeg genade en Heilige Gees bemoediging vir jou!

**Onderwerp julle daarom in nederigheid aan die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die tyd wat Hy bestem het.** (1 Petrus 5:6).

**Julle geloofsvertroue moet julle dus nie prysgee nie: dit hou groot beloning in.** (Hebreërs 10:35).

## 'n Goeie geleentheid om Echo of His Call Maandelikse Tydskrif gratis te kry

As jy vir ons die adresse van jou vriende / familie stuur per pos of e-pos, Whatsap of bel, sal ons maandeliks vir hulle **Echo of His Call** gratis stuur.

## Bid asseblief Echo of His Call Postal Courses

TEOLOGIESE KORRESPONDENSIE- KURSUS

Doen **'n** Kursus oor die Pos in Teologie in Engels en Tamil en word **'n** geestelike dienaar binne **'n** paar weke! Sertifikaat in Bediening

**Vir besonderhede : Die Sekretaris Theological Correspondence Course,**
Echo of His Call, 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005. Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, Cell: 98410 71858.
E-mail : biblecor@yahoo.co.in / sam@echoofhiscall.org

# ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

ECHO OF HIS CALL
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/22-24
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"
on 4th SEPTEMBER 2023
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

*JESUS HET JOU LIEF!*

To

*GOD SEËN JOU!*

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**